# Laerskool Dr. Havinga

*Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig*

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*


16 Januarie 2019

Geagte Ouers,

## OMSENDBRIEF NR. 2 VAN 2019

**I.S. KLASVERGADERINGS, ATLETIEK, ENS.**

Baie dankie aan alle ouers wat ons klasvergaderings tot dusver bygewoon het en sterkte vir die laaste een vanaand. Hierdie inligtingsaande is baie belangrik aangesien die nuwe Dissiplinestelsel vir 2019 bespreek word. Die Gedragskode sal later deurgegee word. Mag alle ouers en personeel hande vat en lekker saamwerk tot ondersteuning van ons kinders.

Ons sê ook baie dankie aan almal wat die Atletiek Interhuis Saterdag bygewoon het. Dankie aan al die atlete wat deelgeneem het en ons onderwyspersoneel wat so hard gewerk het.

Ons neem aan vier byeenkomste deel voor die jaarlikse interlaer op Woensdag, 6 Februarie 2019.

Ons wil ook graag ons skool se hoofdoelwitte vir 2019 aan u deurgee:

- Om 'n **waardegedrewe** skoolgemeenskap te vestig.
- Om **innoverend** interne en eksterne uitdagings aan te spreek.
- Om **toekomsgerigte** onderwys en opvoeding aan te bied

***Ons gaan hard werk om dié jaar waarlik "die skool op almal se lippe" te wees!***

**KENNISGEWING:**
***Ons telefoon is deur die weer uitgeslaan en tegnici is tans besig om daaraan te werk.***
***'n Noodnommer is beskikbaar, nl.: 0661783190***

Byvoorbaat dankie vir almal se samewerking en ondersteuning.

Haviegroete.

R du Preez

R DU PREEZ
WRN/HOOF

***Die skool op almal se lippe!***

***Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.***